



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

GESKIEDENIS V2

2015

MEMORANDUM

PUNTE: 150

Hierdie memorandum bestaan uit 23 bladsye.

BRONGEBASEERDE VRAE

1.1 Die volgende kognitiewe vlakke is gebruik om brongebaseerde vrae te ontwikkel:

KOGNITIEWE VLAKE	HISTORIESE VAARDIGHEDE	GEWIGSTOEKENING VAN VRAE
VLAK 1	<ul style="list-style-type: none"> • Onttrek inligting in bronne • Selektoring en organisasie van relevante inligting in bronne • Definieer historiese begrippe/terme 	30% (15)
VLAK 2	<ul style="list-style-type: none"> • Interpretasie van bewyse in bronne • Verduidelik inligting verkry in bronne • Analiseer bewyse in bronne 	40% (20)
VLAK 3	<ul style="list-style-type: none"> • Interpreteer en evalueer bewyse in bronne • Skakel met bronne om bruikbaarheid, betroubaarheid, eensydigheid en beperkings vas te stel • Vergelyk en kontrasteer interpretasies en perspektiewe in die bronne en kom tot onafhanklike gevolgtrekkings 	30% (15)

1.2 Die inligting hieronder dui aan hoe brongebaseerde vrae geassesseer word:

- By die nasien van brongebaseerde vrae moet krediet gegee word vir enige ander geldige en toepaslike standpunte, argument, bewyse of voorbeelde.
- Met die toekenning van punte moet aandag gegee word aan hoe daar aan die vereistes van die vraag voldoen is.
- In die nasienriglyn word die vereistes van die vraag (vaardighede waaraan aandag gegee moet word) sowel as die vlak van die vraag in kursiefgedrukte skrif aangedui.
- Wanneer oopeinde- brongebaseerde vrae geassesseer word, moet leerders krediet ontvang vir enige ander relevante antwoorde.

OPSTELVRAE

2.1 Die opstelvrae eis dat kandidate:

- In staat sal wees om hul argument op 'n logiese en samehangende wyse te stel. Hulle moet die relevante inligting kan selekteer, organiseer en bymekaar voeg sodat dit vir hulle moontlik sal wees om 'n redelike reeks feite of 'n effektiewe argument te kan weergee om sodoende die gestelde vraag te beantwoord. Dit is noodsaaklik dat 'n opstel 'n inleiding, 'n samehangende en gebalanseerde liggaam van bewyse en 'n slot het.

2.2 Nasien van opstelvrae

- Nasieners moet daarop let dat die inhoud van die antwoord gelei sal word deur die handboeke wat by 'n spesifieke sentrum gebruik is.
- Kandidate mag enige ander toepaslike inleiding en/of samevatting hê as dit wat ingesluit is by 'n riglyn vir nasien van 'n spesifieke opstel.

2.3 Globale assessering van 'n opstel

Die opstel skryfwerk sal holisties (globaal) geassesseer word. Hierdie benadering vereis dat die onderwyser die totale produk as 'n geheel sal bepunt sonder om die samestellende dele individueel te bepunt. Hierdie benadering moedig die leerder aan om 'n individuele mening aan te bied deur gebruik te maak van geselekteerde feitelike bewyse om 'n argument te ondersteun. Daar sal nie van die leerder verwag word om slegs 'feite' neer te skryf om 'n beter punt te behaal nie. Hierdie benadering sal leerders ook ontmoedig om 'model-antwoorde' voor te berei en te reproduseer sonder om die spesifieke vereistes van die vraag in ag te neem. Holistiese nasien van opstelle gee krediet aan leerders se mening, ondersteun deur bewyse. Anders as by inhoudsgebaseerde nasien, word leerders met holistiese assessering nie vir ontoereikende taalgebruik gepeenaliseer nie, aangesien die klem op die volgende val:

- Die konstruksie/daarstelling van 'n argument
- Die toepaslike seleksie van feitelike bewyse om sodanige argument te ondersteun
- Die leerder se interpretasie van die vraag.

2.4 Assesseringsprosedures van die opstel

2.4.1 Hou die sinopsis in gedagte wanneer die skryfwerk nagesien word.

2.4.2 Tydens die eerste deurlees van die skryfwerk moet regmerkies toegeken word vir 'n relevante inleiding (aangedui met 'n kolpunt ('bullet') in die nasienriglyne/memorandum), vir elke hoofmoment/aspek wat volledig gekontekstualiseer is en 'n relevante slotopmerking (aangedui met 'n kolpunt in die nasienriglyn/memorandum) bv. 'n antwoord waar daar 5 hoofpunte is, sal daar dus 7 regmerkies wees.

2.4.3 Die volgende addisionele simbole kan ook gebruik word:

- Inleiding, hoofaspekte en slotopmerking nie behoorlik gekontekstualiseer nie

Λ

- Verkeerde stelling _____
- Irrelevante stelling |
|
|
- Herhaling **R**
- Analise **A**√
- Interpretasie 1√

2.5 Die matriks

2.5.1 Gebruik van die matriks vir die assessering van opstelle

By die nasien van opstelle, moet die kriteria gebruik word wat in die matriks voorsien word. Tydens die assessering van 'n opstel moet beide die inhoud en die aanbieding in ag geneem word. 'n Punt word toegeken by die snypunt van die inhoud en aanbieding, gebaseer op die sewe vaardigheidvlakke.

- (a) Met die eerste deurlees van die opstel word daar bepaal tot watter mate die hoofmomente gedek is om die **inhoudsvlak** (op die matriks) vas te stel.

C	VLAK 4	



- (b) Die tweede deurlees van die opstel sal die vlak (op die matriks) van die **aanbieding** bepaal.

C	VLAK 4	
P	VLAK 3	

- (c) Ken 'n algehele punt toe met behulp van die matriks.

C	VLAK 4	} 26–27
P	VLAK 3	

Globale Assessering van Opstelle: Totale Punte: 50

	VLAK 7	VLAK 6	VLAK 5	VLAK 4	VLAK 3	VLAK 2	VLAK 1
<p>AANBIEDING</p> <p></p> <p>INHOUD</p> <p></p>	<p>Baie goed beplande en gestruktureerde opstel. Goeie sintese van inligting. 'n Goed gebalanseerde, oorspronklike en onafhanklike argumentslyn is ontwikkel met bewyse. Argument deurgaans volgehou en verdedig. Onafhanklike gevolgtrekking is bereik uit bewyse gebruik om die argument te ondersteun.</p>	<p>Baie goed beplande en gestruktureerde opstel. 'n Relevante argumentslyn is gevolg. Bewyse gebruik om die argument te verdedig. Poog om 'n onafhanklike gevolgtrekking uit die bewyse te verkry om die argument te ondersteun.</p>	<p>Goed beplande en gestruktureerde opstel. Poog om 'n duidelike argument te ontwikkel. Gevolgtrekking verkry uit bewyse om die argumentslyn te ondersteun.</p>	<p>Argument beplan en gestruktureer. Getuienis gebruik tot 'n sekere mate om argument te ondersteun. Slotsom bereik op grond van getuienis.</p>	<p>Toon soms bewyse van 'n gestruktureerde en beplande argument. Poog om 'n argumentslyn vol te hou. Gevolgtrekking nie duidelik ondersteun deur getuienis nie.</p>	<p>Poging aangewend om 'n antwoord te struktureer. Grootliks beskrywend, of poog om argument te ontwikkel. Geen poging om 'n gevolgtrekking te bereik nie.</p>	<p>Weinig of geen poging om die opstel te struktureer nie.</p>
<p>VLAK 7 Vraag is ten volle beantwoord. Inhoudkeuse ten volle relevant tot die argument wat gevolg is.</p>	47–50	43–46					
<p>VLAK 6 Vraag is beantwoord. Inhoudkeuse relevant tot die argument wat gevolg is.</p>	43–46	40–42	38–39				
<p>VLAK 5 Vraag grotendeels beantwoord. Inhoud genoegsaam en relevant.</p>	38–39	36–37	34–35	30–33	28–29		
<p>VLAK 4 Vraag herkenbaar in antwoord. Sommige weglatings of irrelevante inhoudkeuse.</p>			30–33	28–29	26–27		
<p>VLAK 3 Inhoudkeuse hou verband met die vraag, maar beantwoord dit nie. Hou soms nie verband met die vraag nie. Weglatings.</p>				26–27	24–25	20–23	
<p>VLAK 2 Vraag ontoereikend beantwoord. Inhoud skraal</p>					20 –23	18–19	14–17
<p>VLAK 1 Vraag ontoereikend beantwoord of glad nie. Ontoereikend of irrelevante inhoud</p>						14 –17	0–13

*** Riglyne vir die toekenning van 'n punt vir Vlak 1**

- Vraag is glad nie beantwoord nie/ totaal irrelevante inhoud; geen poging om die opstel te struktureer nie = 0
- Vraag sluit basiese en algemene irrelevante inligting in; geen poging om die opstel te struktureer nie = 1 - 6
- Vraag is ontoereikend en vaag beantwoord; geen poging om die opstel te struktureer nie = 7 – 13

AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE**VRAAG 1: HOE HET DIE IDEOLOGIE VAN SWART BEWUSSYN DIE STUDENTE VAN SOWETO BEÏNVLOED OM DIE APARTHEIDSREGERING IN DIE 1970's UIT TE DAAG?**

1.1

1.1.1 *[Verduideliking van historiese konsep in Bron 1A – V1]*

- SB moedig swart Suid-Afrikaners aan om selfvertroue te hê, trots te wees en in hulself te glo
- SB het beweer dat swart Suid-Afrikaners nie hulself as minderwaardig teenoor wit Suid-Afrikaners moet beskou nie
- Enige ander relevante antwoord (1 x 2) (2)

1.1.2 *[Onttrekking van bewyse in Bron 1A – V1]*

- Selfhaat
- Lae selfbeeld
- Minderwaardige onderrig
- Minderwaardige waardes
- Minderwaardige oortuigings (enige 3 x 1) (3)

1.1.3 *[Interpretasie van bewyse in Bron 1A – V2]*

- Die kleur van jou vel bepaal nie wie of wat jy is nie
- Jou houding en sielkundige toestand weerspieël wat jy van jouself dink
- Jou houding bepaal wie jy is, nie die kleur van jou vel nie
- As jy die kleur van jou vel aanvaar, het jy jouself bevry
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

1.1.4 *[Verduideliking van bewyse in Bron 1A – V2]*

- Biko het 'n proses van sielkundige emansipasie (selfbevryding) voorgestel.
- Biko het die bevryding van die persoon 'as geheel' voorgestel
- Biko het die bevryding van sielkundige, fisiese en spirituele onderdrukking voorgestel
- Biko het metafisiese opstand en politieke mobilisering voorgestel
- Biko het die verwerping van alles wat swart mense tot slaaf maak, voorgestel
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

1.1.5 *[Onttrekking van bewyse in Bron 1A – V1]*

- Die ideologie van Swart Bewussyn het die idee van swart Suid-Afrikaners as slawe verwerp
- Die ideologie van Swart Bewussyn was die wete dat swart Suid-Afrikaners as 'n verenigde groep sosiaal, polities en ekonomies onoorwinbaar sou wees. (2 x 1) (2)

1.2

1.2.1 *[Onttrekking van bewyse in Bron 1B – V1]*

- Dit het die manier waarop jong swart Suid-Afrikaners gedink het, verander.
- Dit het hulle selfbeeld 'n hupstoot gegee. (2 x 1) (2)

- 1.2.2 *[Interpretasie van bewyse in Bron 1B – V2]*
- Dit was moeilik om in 'n vreemde taal te leer
 - Die instel van Afrikaans het veroorsaak dat swart Suid-Afrikaanse studente 'n minderwaardigheidskompleks ontwikkel het
 - Die instel van Afrikaans het veroorsaak dat swart Suid-Afrikaanse studente onbevoeg voel
 - Die instel van Afrikaans het veroorsaak dat baie swart Suid-Afrikaanse studente gevoel het dat hulle intellektueel minderwaardig was
 - Die instel van Afrikaans het 'n negatiewe invloed op die akademiese vordering van studente gehad (enige 1 x 2) (2)
- 1.2.3 *[Interpretasie van bewyse in Bron 1B – V2]*
- Studente het hulle eksamens gedruip
 - Studente kon nie die Afrikaanse taal verstaan nie/ skielike verskuiwing na Afrikaans
 - Die studente kon nie die tegniese terme en jargon verstaan wat nou in hulle vakke gebruik is nie (1 x 2) (2)
- 1.2.4 *[Vertolk en evalueer bewyse in Bron 1B – V3]*
- STEM SAAM**
- Swart Suid-Afrikaanse studente het nie die taal verstaan nie
 - Swart Suid-Afrikaanse studente het gesukkel om in 'n vreemde taal te leer
 - Swart Suid-Afrikaanse studente het minderwaardig gevoel
 - Swart Suid-Afrikaanse studente het die taal met die onderdrukker geassosieer
 - Swart Suid-Afrikaanse studente het hulle eksamens gedruip
 - Enige ander relevante antwoord
- OF**
- STEM NIE SAAM NIE**
- Nie alle leerlinge het teen die onderrig in Afrikaans geprotesteer nie
 - Enige ander relevante antwoord (2 x 2) (4)
- 1.2.5 *[Interpretasie van bewyse in Bron 1B – V2]*
- Studente was teen die gebruik van Afrikaans as 'n onderrigmedium in skole gekant
 - Die studente wou hê dat Afrikaans as 'n onderrigmedium afgeskaf word
 - Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)
- 1.2.6 *[Vergelyking van bewyse in die geskrewe en visuele bron in Bron 1B – V3]*
- Die geskrewe bron beklemtoon dat studente ongelukkig was oor die instel van Afrikaans as onderrigmedium terwyl die visuele bron toon hoe studente teen die instel van Afrikaans as 'n onderrigmedium betoog.
 - Die geskrewe bron beklemtoon studente wat protesaksies organiseer, terwyl die visuele bron studente toon wat hul ongelukkigheid met die gebruik van Afrikaans (plakkaat: Afrikaans moet afgeskaf word), demonstreer.
 - Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

- 1.3
- 1.3.1 *[Onttrekking van bewyse in Bron 1C – V1]*
- Orlando West Junior High School
 - Morris Isaacson High School
 - Orlando West High School (3 x 1) (3)
- 1.3.2 *[Interpretasie van bewyse in Bron 1C – V2]*
- Die ouers en onderwysers het die studente ondersteun omdat hulle nie wou hê dat die leerders in die taal van die onderdrukker onderrig moet word nie.
 - Die ouers en onderwysers wou nie die leerders aan die eise van die apartheidsregering onderwerp nie
 - Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)
- 1.3.3 *[Verduideliking van 'n historiese konsep in Bron 1C – V1]*
- Weiering of verwerping van die implementering van 'n wet/stelsel
 - Enige ander relevante antwoord (1 x 2) (2)
- 1.3.4 *[Onttrekking van bewyse in Bron 1C – V1]*
- Die reaksie van die Soweto-studente wat die betoging op 16 Junie bygewoon het, het die verwagtinge van die organiseerders oortref
 - 30 000 studeerders het die dag by Orlando West High School bymekaar gekom (1 x 2) (2)
- 1.3.5 *[Verduideliking van inligting in Bron 1C – V2]*
- Die slagspreuke was doeltreffend, want:**
- Druk die woede van die gemeenskap uit
 - Wys dat hulle vasbeslote was om die mag by die wit minderheidsregime af te neem
 - Wys dat hulle vasbeslote was om bevry te word
 - Wys dat hulle nie wou stop voordat die regering in die hande van die mense was nie
 - Enige ander relevante antwoord (2 x 2) (4)
- 1.4 *[Interpretasie, evaluering en sintese van relevante bronne – V3]*
- Kandidate kan die volgende aspekte by hulle antwoorde insluit:
- Steve Biko het jong, swart Suid-Afrikers geïnspireer om op te tree (Bron 1A)
 - Swart Bewussyn was 'n filosofie wat selfbeeld, trots en 'n regmatige plek in die samelewing aangemoedig het (Bron 1A)
 - Leerders kon nie die inhoud en terminologie van die vakke wat hulle in die skool gehad het, verstaan nie. (Bron 1B)
 - As gevolg hiervan het hulle hul eksamens gedruip (eie kennis)
 - Hulle het in protes in die strate betoog (Bron 1B)
 - Ondersteun deur hulle ouers en onderwysers (Bron 1C)
 - Het as 'n vreedsame betoging begin (Bron 1C)
 - Baie lewens is verloor (Bron 1C)
 - Enige ander relevante antwoord

Gebruik die volgende rubriek om punte toe te ken:

VLAK 1	<ul style="list-style-type: none"> • Gebruik bewyse op 'n elementêre manier, bv. toon min of geen begrip van hoe die ideologie van Swart Bewussyn die studente van Soweto beïnvloed het om die apartheidsregering in die 1970's uit te daag nie. • Gebruik bewyse gedeeltelik of kan nie 'n paragraaf skryf nie. 	PUNTE 0 – 2
VLAK 2	<ul style="list-style-type: none"> • Bewyse is meestal relevant en hou grootliks verband het die onderwerp bv. toon gedeeltelike begrip van hoe die ideologie van Swart Bewussyn die studente van Soweto beïnvloed het om die apartheidsregering in die 1970's uit te daag. • Gebruik bewyse op 'n baie basiese manier om 'n paragraaf te skryf. 	PUNTE 3 – 5
VLAK 3	<ul style="list-style-type: none"> • Gebruik relevante bewyse wat op die onderwerp fokus, bv. toon 'n deeglike begrip van hoe die ideologie van Swart Bewussyn die studente van Soweto beïnvloed het om die apartheidsregering in die 1970's uit te daag. • Gebruik bewyse baie effektief in 'n georganiseerde paragraaf wat begrip van die onderwerp toon. 	PUNTE 6 – 8

(8)
[50]

VRAAG 2: WAS DIE AMNESTIEPROSES VAN DIE WAARHEIDS-EN-VERSOENINGSKOMMISSIE (WVK) SUKSESVOL OM SUID-AFRIKA SE VERDEELDE VERLEDE TE GENEES?

2.1

2.1.1 *[Onttrekking van bewyse in Bron 2A – V1]*

- Om ernstige menseregteskendings wat tussen 1960 en 1994 plaasgevind het, te ondersoek en die aard, oorsake en omvang daarvan te bepaal
- Om amnestie toe te staan aan oortreders wat alle relevante feite oor misdade wat in die nastreef van 'n politieke doelwit gepleeg is, volledig onthul het
- Om slagoffers van ernstige menseregteskendings te identifiseer, te vind en vergoeding aan te beveel
- Om 'n verslag saam te stel met aanbevelings wat gemik is op die voorkoming van menseregteskendings in die toekoms (enige 2 x 1) (2)

2.1.2 *[Onttrekking van bewyse in Bron 2A – V1]*

- Die jare van die apartheidsregering is as die wreedste beskou as gevolg van die implementering van beleide van diskriminasie teen swart Suid-Afrikaners (1 x 2) (2)

2.1.3 *[Interpretasie van bewyse in Bron 2A – V2]*

- Apartheid het die menseregte van die meeste Suid-Afrikaners geskend
- Apartheid het op grond van velkleur teen Suid-Afrikaners gediskrimineer
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

2.1.4 *[Verduideliking van 'n historiese konsep in Bron 2A – V1]*

- Om amptelike kwytskelding toe te staan vir 'n polities gemotiveerde misdaad/om berou te toon en om vergifnis te vra
- Uitsluiting van vervolging na bekendmaking
- Enige ander relevante antwoord (1 x 2) (2)

2.1.5 *[Interpretasie van bewyse in Bron 2A – V3]*

Kandidate moet aandui in watter mate die bron BRUIKBAAR of NIE BRUIKBAAR is nie en hul antwoord met relevante bewyse motiveer.

BAIE BRUIKBAAR

- Verduidelik die doelwitte van die stigting van die WVK
- Gee 'n oorsig van die tydperk van ondersoek
- Gee redes waarom daar 'n behoefte aan die WVK was
- Gee inligting oor die drie Komitees wat die werk van die WVK gedoen het
- Enige ander relevante antwoord

MINDER BRUIKBAAR

- Dit gee 'n eensydige siening/bevooroordeel oor waarom die WVK gestig is
- Mense wat teen die stigting van die WVK gekant was, word nie genoem nie
- Enige ander relevante antwoord (2 x 2) (4)

- 2.1.6 *[Onttrekking van bewyse in Bron 2A – V1]*
- Die Komitee vir Menseregteskendings
 - Die Komitee vir Amnestie
 - Die Komitee vir Rehabilitasie en Vergoeding (3 x 1) (3)
- 2.2
- 2.2.1 *[Interpretasie van bewyse in Bron 2B – V2]*
- Oortreders en slagoffers moes voor die WVK verskyn en 'n volledige onthulling doen
 - Oortreders en slagoffers moes voor die WVK verskyn en die waarheid onthul
 - Mense moes polities gemotiveerde misdade gepleeg het om amnestie te kon ontvang (tussen 1960 en 1994)
 - Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)
- 2.2.2 *[Onttrekking van bewyse in Bron 2B – V1]*
- Die Amnestiekomitee het verhoed dat enige siviele saak of eis teen die oortreders ingestel kan word.
 - Die Amnestiekomitee en verhoed dat die familie regstappe kon doen
 - Die Amnestiekomitee het die familie nie toegelaat om 'n siviele eis teen Steve Biko se moordenaars in te stel nie, omdat hulle 'n volledige onthulling gedoen het.
 - Die Amnestiekomitee is nie deur Steve Biko se nalatenskap beïnvloed toe die oortreders oor sy dood verhoor is nie.
 - Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)
- 2.2.3 *[Interpretasie van bewyse in Bron 2B – V2]*
- Hy het geweet dat die WVK nie 'n hof van die gereg is nie
 - Hy wou nie sy betrokkenheid in die pleeg van menseregteskendings gedurende die apartheid era bekendmaak nie
 - Hy het dit gesien as 'n 'heksejag' teen wit Suid-Afrikaners
 - Enige ander relevante antwoord (1 x 2) (2)
- 2.2.4 *[Uittreksel uit bewyse van Bron 2B – V1]*
- 'n Verdere voorbeeld van die probleme met die amnestieproses kan gesien word in die uitdagings met dr. Wouter Basson '
 - ... baie selferkende moordenaars en martelaars, of die leierskap wat opdrag vir sulke dade gegee het, [bly] op vrye voet en in 'n posisie van mag in die nuwe bedeling.'
 - 'Na herhaalde en mislukte pogings om inligting oor sy aktiwiteite tydens apartheid uit dr. Basson te kry, is die saak uiteindelik na die staat se vervolgingsgesag verwys.' (enige 1 x 1) (1)
- 2.3
- 2.3.1 *[Interpretasie van bewyse in Bron 2C – V2]*
- In die uitbeelding lyk dit asof dr. Basson nie bekommerd is oor die bevindinge en werk van die WVK nie
 - Dr. Basson het 'n negatiewe houding teenor die WVK getoon
 - Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

2.3.2 *[Interpretasie van bewyse in Bron 2C – V2]*

- Dr. Basson wou hê dat die WVK ontbind sodat hy nie vervolg sou word nie
- Die gebruik van die woorde 'chemiese proses vir beskerming teen die WVK' is 'n duidelike aanduiding dat dr. Basson nie voor die WVK wou verskyn nie
- Die woorde 'vermy kontak totdat WVK spontaan ontbind' suggereer dat dr. Basson sy verskyning voor die WVK wou probeer uitstel
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

2.4 *[Vergelyking van bewyse in Bron 2B en 2C – V3]***Krediet moet gegee word aan kandidate as hulle in hul antwoord verwys na die woord 'albei bronne'**

- Bron 2C beeld dr. Basson se onverskillige/ negatiewe houding teenoor die WVK wat die amnestieproses gedwarsboom het, uit, terwyl geskrewe bewyse in Bron 2B aandui dat dr. Basson geweier het om voor die Amnestiekomitee te verskyn en dus die WVK van sy volledige onthulling van hoe hy chemiese oorlogvoering gebruik het terwyl hy vir die apartheidsregime gewerk het, ontnem het. Dit het die menseregte van politieke aktiviste geskend
- Bron 2C wys dat dr. Basson die stryd teen die WVK-verhore gewen het. Volgens Bron 2B het dr. Basson nooit die verhore bygewoon nie en uiteindelik die saak gewen, en dus een van die doelwitte van die WVK, naamlik volledige onthulling deur die oortreders wat mensregteskendings gepleeg het, verontagsaam het
- Enige ander relevante antwoord (2 x 2) (4)

2.5

2.5.1 *[Verduideliking van historiese konsep in Bron 2D – V1]*

- Dit is 'n poging om eertydse vyande saam te bring/ kompromis/ reünie/ begrip, asook om vergifnis te vra
- Enige ander relevante antwoord (1 x 2) (2)

2.5.2 *[Interpretasie van bewyse in Bron 2D – V2]*

- Beide PW Botha en Mangosuthu Buthelezi het hulle grondwetlike reg om nie voor die WVK te verskyn nie, uitgeoefen
- Albei leiers het die samestelling van die WVK bevestig
- Die WVK kon hulle nie dwing om te verskyn nie
- PW Botha het die WVK 'n 'sirkus'/ 'heksejag' genoem
- Buthelezi het nie geglo dat die WVK die regte en effektiewe instrument was om nasionale versoening te bring nie
- Beide PW Botha en Mangosuthu Buthelezi was bang om voor die WVK te verskyn as gevolg van die beweerde gruweldade wat hulle gepleeg het
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

2.5.3 *[Interpretasie van bewyse in Bron 2D – V2]*

- Die Biko-familie het die grondwetlikheid van die amnestieproses bevestig
- Die Biko-familie wou nie hê dat Biko se moordenaars vrygespreek word/amnestie ontvang nie
- Die Biko-familie wou hê die moordenaars moet in 'n hof verskyn
- Enige ander relevante antwoord (2 x 2) (4)

2.6 *[Interpretasie, evaluering en sintese uit relevante bronne – V3]*
Kandidate moet die volgende aspekte by hulle antwoord insluit:

Kandidate moet 'n standpunt kies en verduidelik of die amnestieproses van die WVK daarin geslaag het om Suid-Afrika se verdeelde verlede te genees.

Suksesse

- Die Wet op die Bevordering van Nasionale Versoening en Eenheid het 'n mandaat aan die WVK verskaf om menseregteskendings wat tussen 1960 en 1994 gepleeg is, te ondersoek. (Bron 2A)
- Daar is gehoop dat hierdie proses tot die onthulling van die waarheid, versoening, amnestie en genesing sou lei. (Eie kennis)
- In baie gevalle het die onthulling van die waarheid tot versoening, vergifnis, afsluiting en genesing gelei. (Eie kennis)
- Die Amnestiekomitee kon die meeste apartheidsvoetsoldate dagvaar om getuies te lewer. Dit het die WVK toegelaat om verdere ondersoeke te doen om die waarheid te onthul. (Bron 2C)
- Sommige slagoffers van menseregteskendings (bv. Mtimkulu, Ndwandwe en Trust Feed-families) het voor die WVK verskyn (eie kennis) en is met die oortreders versoen.
- Baie oortreders (bv. Brian Mitchell, Adriaan Vlok, Gideon Nieuwoudt, Jacques Hechter en Paul van Vuuren) het voor die WVK verskyn en amnestie ontvang.
- Enige ander relevante antwoord

Mislukkings

- In die geval van Steve Biko se moord, het amnestie nie tot genesing gelei nie (Bron 2B)
- Die Biko-familie wat gekant teen amnestie vir diegene wat vir Steve Biko se moord verantwoordelik was (Bron 2B)
- Genesing was onvolledig omdat vergoeding aan slagoffers onvoldoende was (Bron 2B)
- Dr. Wouter Basson het geweier om getuies te lewer voor die WVK, wat genesing moeilik gemaak het (Bron 2C)
- Die feit dat baie oortreders nie gedwing kon word (dr. Wouter Basson) om voor die WVK te verskyn nie, het die WVK oneffektief gemaak in die soeke na die waarheid (Bron 2B)
- Sommige slagoffers het gevoel dat die WVK die oortreders bevoordeel het deur die amnestieproses. (Bron 2D)
- Baie leiers (PW Botha, Mangosuthu Buthelezi) het geweier om voor die WVK te verskyn (Bron 2D)
- Enige ander relevante antwoord

Gebruik die volgende rubriek om punte toe te ken:

VLAK 1	<ul style="list-style-type: none"> • Gebruik bewyse op 'n elementêre manier, bv. toon min of geen begrip of die amnestieproses van die WVK daarin geslaag het om Suid-Afrika se verdeelde verlede te genees nie • Gebruik bewyse gedeeltelik of kan nie 'n paragraaf skryf nie. 	PUNTE 0 – 2
VLAK 2	<ul style="list-style-type: none"> • Bewyse is meestal relevant en hou grootliks verband met die onderwerp, bv. toon 'n begrip of die amnestieproses van die WVK daarin geslaag het om Suid-Afrika se verdeelde verlede te genees. • Gebruik bewyse op 'n baie basiese manier om 'n paragraaf te skryf 	PUNTE 3 – 5
VLAK 3	<ul style="list-style-type: none"> • Gebruik relevante bewyse, bv. toon deeglike begrip of die WVK daarin geslaag het om Suid-Afrika se verdeelde verlede te genees. • Gebruik bewyse baie effektief in 'n georganiseerde paragraaf wat begrip van die onderwerp aandui. 	PUNTE 6 – 8

(8)
[50]

VRAAG 3: WAAROM HET SUID-AFRIKA 'N LID VAN DIE BRIC-GROEP GEWORD?

3.1

3.1.1 *[Onttrekking van bewyse in Bron 3A – V1]*

- Brasilië
- Rusland
- Indië
- China

(enige 2 x 1) (2)

3.1.2 *[Interpretasie van bewyse in Bron 3A – V2]*

- President Zuma het Suid-Afrika as 'n strategies en ekonomies volhoubare bestemming op die Afrika-kontinent bemark wat as 'n ingangspunt vir die res van Afrika dien
- President Zuma het die land as 'n poort na Afrika bemark omdat Suid-Afrika 'n baie belangrike streeksinvloed bly as gevolg van die grootte van sy ekonomie
- President Zuma het Suid-Afrika as die setel waarvandaan globalisering na die res van Afrika suid van die Sahara versprei word, bemark
- President Zuma het Suid-Afrika bemark as 'n bewese leier in NEPAD en dit het deur Suid-Afrika se rol in die sake van Afrika bewys dat Suid-Afrika die poort na Afrika is
- Enige ander relevante antwoord

(enige 2 x 2) (4)

3.1.3 *[Verduideliking van 'n historiese konsep in Bron 3A – V1]*

- Dit is 'n ekonomie met 'n lae tot gemiddelde per kapita-inkome
- Dit is 'n nasie met sosiale of sake-aktiwiteit wat in die proses van vinnige groei en industrialisering is
- Enige ander relevante antwoord

(enige 1 x 2) (2)

3.1.4 *[Interpretasie van bewyse in Bron 3A – V2]*

- Die BRIC-beraad is in China gehou om Suid-Afrika as 'n amptelike lid van BRICS te verwelkom
- Die beraad het erkenning aan Suid-Afrika as 'n steeks- ekonomiese en politieke mag in Afrika gegee
- BRIC het verander na BRICS (Suid-Afrika het 'n lid van die BRIC-groep geword).
- Enige ander relevante antwoord

(enige 1 x 2) (2)

3.1.5 *[Onttrekking van bewyse in Bron 3A – V1]*

- Meer handel met BRIC-lande
- Meer beleggingsgeleenthede
- Direkte handel in eie geldeenheid met BRIC-lede
- Beskerming van BRIC-lede teen die wisselvallige internasionale geldeenhede

(enige 2 x 1) (2)

- 3.1.6 *[Evaluering van die bruikbaarheid van Bron 3A – V3]*
- Die bron is bruikbaar omdat dit toon hoe Suid-Afrika uitgenooi is om 'n lid van die BRIC-groep te word (President Zuma het steun gewerf by BRIC-lande om 'n lid te word)
 - Die bron is bruikbaar omdat die bewyse die datum noem waarop Suid-Afrika 'n lid van BRIC geword het (Suid-Afrika het in Desember 2010 'n lid geword)
 - Die bron is bruikbaar omdat die bewyse toon hoe BRIC na BRICS verander het toe Suid-Afrika 'n nuwe lid geword het
 - Die bron is bruikbaar omdat die BRICS-groep erkenning aan Suid-Afrika se lidmaatskap gegee het deur die vyfde beraad in Durban te hou
 - Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)
- 3.2
- 3.2.1 *[Interpretasie van bewyse in Bron 3B – V2]*
- Suid-Afrika het die BRICS-beraad aangebied
 - Suid-Afrika het die kleinste ekonomie onder die BRICS-lande
 - Suid-Afrika word deur die ander BRIC-lande as 'n pion gebruik
 - Suid-Afrika se rol in die BRICS-groep het 'n minimale impak
 - Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)
- 3.2.2 *[Interpretasie van bewyse in Bron 3B – V2]*
- President Zuma was gelukkig dat Suid-Afrika die BRICS-beraad aanbied
 - President Zuma was gelukkig/tevrede dat Suid-Afrika 'n lid van die BRIC-groep geword het
 - Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)
- 3.3 *[Vergelyk bewyse in Bron 3A en 3B – V3]*
- Bron 3A noem dat die BRICS-beraad in China gehou is (2011), waar Suid-Afrika uitgenooi is om lid van BRIC te word, terwyl Bron 3B toon dat Suid-Afrika die BRICS beraad gehou het
 - Bron 3A noem dat Suid-Afrika uitgenooi is om 'n lid van die BRIC-groep te word, terwyl Bron 3B bewyse toon dat Suid-Afrika 'n lid van die BRICS-groep geword het.
 - Beide bronne 3A en 3B toon die lande wat die BRICS beraad bygewoon het
 - Enige ander relevante antwoord (2 x 2) (4)
- 3.4
- 3.4.1 *[Interpretasie van bewyse in Bron 3C – V2]*
- Suid-Afrika is ekonomies nie so sterk soos die ander BRICS-lede nie/ Suid-Afrika se teenwoordigheid vertraag BRICS
 - Suid-Afrika se ekonomie is te klein in verhouding tot die ander BRICS-lede
 - Suid-Afrika se lidmaatskap is swak in vergelyking met die ander BRICS-lande.
 - Suid-Afrika se ekonomiese groei is te klein om 'n lid van die BRICS-groep te wees.
 - Ander ontwikkelende lande (Saoedi-Arabië, Meksiko) het eerder verdien om lede van die BRICS-groep te wees, omdat hulle ekonomiese groter en sterker is.
 - Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

- 3.4.2 *[Onttrekking van inligting in Bron 3C – V1]*
- Die res van Afrika sal na verwagting 'n gemiddeld van 7% oor die kort- tot mediumtermyn groei (Suid-Afrika se groei oor die kort- tot mediumtermyn sal laer as ander lande in Afrika wees.) (1 x 2) (2)
- 3.4.3 *[Onttrekking van inligting in Bron 3C – V1]*
- Faksionalisme binne die regerende party
 - Suid-Afrika het fokus verloor
 - Valse aanspraak ('Entitlement') (2 x 1) (2)
- 3.5
- 3.5.1 *[Onttrekking van inligting in Bron 3D – V1]*
- Suid-Afrika is 'n land ryk aan minerale
 - Suid-Afrika is die grootste produsent van sommige minerale
 - Suid-Afrika is die grootste goudprodusent
 - Suid-Afrika bied hoogs gesofistikeerde myndienste
 - Suid-Afrika kan nasionale belange en waardes, menseregte, demokrasie en goeie regering bevorder (enige 2 x 1) (2)
- 3.5.2 *[Onttrekking van inligting in Bron 3D – V1]*
- China (1 x 1) (1)
- 3.5.3 *[Onttrekking van inligting in Bron 3D – V1]*
- Suid-Afrika se missie is om nasionale belange en waardes te bevorder
 - Suid-Afrika bevorder menseregte
 - Suid-Afrika bevorder demokrasie
 - Suid-Afrika bevorder goeie regering
 - Suid-Afrika bevorder die Afrika-agenda (enige 3 x 1) (3)
- 3.6 *[Interpretasie, evaluering en sintese uit relevante bronne – V3]*
- Kandidate kan die volgende aspekte by hul antwoorde insluit:
- Suid-Afrika is in 2010 genooi om by die BRICS-groep aan te sluit (Bron 3A)
 - President Zuma het die land as die poort na Afrika bemark (Bron 3A)
 - President Zuma het gesê dat dit belangrik was om deel van die BRICS-groep te wees (Bron 3A)
 - Lidmaatskap van BRICS het ekonomiese en politieke voordele (Bron 3A)
 - Suid-Afrika het in 2011 'n lid van die BRICS-groep geword
 - Die vyfde BRICS-beraad is in 2013 in Suid-Afrika gehou (Bron 3B)
 - Suid-Afrika se mineraalrykdom word beskou as 'n positiewe bydrae tot die BRICS-groep (Bron 3D)
 - Handel tussen Suid-Afrika en BRICS-lede het aansienlik toegeneem (Bron 3D)
 - Suid-Afrika se bydrae kan ook in terme van ontwikkeling wees (bevordering van menseregte, demokrasie en goeie regering) (Bron 3D)
 - Enige ander relevante antwoord

Gebruik die volgende rubriek om punte toe te ken:

VLAK 1	<ul style="list-style-type: none"> • Gebruik bewyse op 'n elementêre manier, bv. toon geen of min begrip van waarom Suid-Afrika 'n lid van die BRIC-groep geword het nie • Gebruik bewyse gedeeltelik of kan nie 'n paragraaf skryf nie. • Bewyse is meestal relevant en hou grootliks verband met die onderwerp, bv. toon begrip van waarom Suid-Afrika 'n lid van die BRIC-groep geword het. 	PUNTE 0 – 2
VLAK 2	<ul style="list-style-type: none"> • Gebruik bewyse op 'n baie basiese manier om 'n paragraaf te skryf. • Gebruik relevante bewyse, bv. toon deeglike begrip van waarom Suid-Afrika 'n lid van die BRIC-groep geword het. 	PUNTE 3 – 5
VLAK 3	<ul style="list-style-type: none"> • Gebruik bewyse baie effektief in 'n georganiseerde paragraaf wat begrip van die onderwerp toon 	PUNTE 6 – 8

(8)
[50]

AFDELING B: OPSTELVRAE**VRAAG 4**

[Beplan en konstrueer 'n oorspronklike argument gebaseer op relevante bewyse deur analitiese en interpretasievaardighede te gebruik.]

SINOPSIS

Kandidate moet aandui of die stelling akkuraat is of nie. Hulle moet fokus op PW Botha se grondwethervorming wat nie aan die eise van onderdrukte Suid-Afrikane voldoen het nie. Hierdie veranderinge het 'n vloed van volgehoue, massagedrewe opstande ontketen wat nie voorheen in Suid-Afrika ervaar is nie. Hulle moet die aard van die verzet waarmee anti-apartheidsorganisasies begin het en hoe dit deur die 1980's volgehou is, bespreek.

HOOFASPEKTE

Kandidate behoort die volgende aspekte by hul antwoord insluit:

- Inleiding: Kandidate moet 'n standpunt inneem en fokus op hoe PW Botha se hervorming tot landswye opstande gelei het omdat dit nie aan die eise van die meerderheid Suid-Afrikane voldoen het nie. Hulle moet toon hoe weerstand tot die beëindiging van Apartheid gelei het.

UITBREIDING

- Botha se beleid van 'Totale aanslag' en 'Totale Strategie'
- Botha poog om apartheid te hervorm deur in 1983 die driekamerregering in te stel.
- Die stigting van die UDF in reaksie op die driekamerregering-stelsel
- Die eerste veldtog van die UDF was nie 'Don't Vote' (Moenie stem nie)-veldtog (Om Kleurlinge en Indiërs aan te moedig om nie in verkiesings vir die driekamerregering te stem nie) en die 'Million Signature' (Miljoen Handtekeninge)-veldtog ('n petisie teen apartheid)
- Die verskerping van die interne weerstand, bv. gewelddadige betogings in die Vaaldriehoek
- Die Vaal Civic Association het boikotte gereël (polisie het die burgerleiers gearresteer, die Vaal-townships het met massabetogings begin, raadslede is vermoor, skole het met boikotte begin)
- Die regering het opeenvolgende toestande van nood afgekondig in 1985 en 1986 om teenkanting teen apartheid te stuit, maar dit was 'n mislukking.
- Die rol van unies (die stigting van COSATU was 'n keerpunt in die stryd om vryheid en demokrasie; die African Food Canning Workers' Union het 'n oproep gedoen vir die eerste nasionale staking)
- Hierdie stakings was daarop gemik om die werkstoestande van werkers te verbeter en het politieke regte ingesluit
- Stryd om onderwys – 'Education Crisis Committee', COSAS en NUSAS het die 'Education Charter' (Onderwysmanifes)-veldtog ens. geloods.
- Die rol van die veldtog om diensplig af te skaf (wit Suid-Afrikaanse mans het diensplig in die weermag teengestaan. Baie wit soldate het gevoel dit is verkeerd om townshipopstande te probeer onderdruk)
- Die veldtog om diensplig af te skaf het die 'Troepie uit die Townships'-veldtog geloods. Jong wit mans het geweier om in die Suid-Afrikaanse weermag te dien.
- Die rol van Black Sash (hulle het Apartheid teengestaan en humanitêre hulp aan slagoffers van Apartheid gegee).

- Verbruikersboikotte het 'n belangrike rol in die stryd teen Apartheid gespeel (dit het die ekonomie beïnvloed, en die verswakkende ekonomie het wit Suid-Afrikaners negatief beïnvloed).
 - Die rol en impak van die Mass Democratic Movement (MDM)
 - Teen die einde van 1989 was die land onregeerbaar en die apartheidsregering is geforseer om met die bevrydingsbewegings te onderhandel
 - Enige ander relevante inligting
- Gevolgtrekking: Kandidate moet hulle argument met 'n relevante gevolgtrekking opsom. **[50]**

Indien kandidate nie saamstem nie, moet hulle hul antwoord met relevante bewyse ondersteun.

VRAAG 5

[Beplan en konstrueer 'n oorspronklike argument gebaseer op relevante bewyse deur analitiese en interpretasievaardighede te gebruik.]

SINOPSIS

Kandidate moet aandui in watter mate die leiers van verkillende politieke organisasies in staat was om uitdagings op die pad na demokrasie te bowe te kom.

Kandidate moet die volgende aspekte by hulle opstelle insluit:

- Inleiding: Kandidate moet 'n standpunt inneem en die verskeie uitdagings wat tot die ineenstorting van die onderhandelingsproses gelei het en die politieke rolspelers wat die situasie gered het, aandui.

UITBREIDING

- De Klerk het in 1989 aan bewind gekom
 - Mandela is uit die tronk vrygelaat
 - Politieke en burgerorganisasies is ontban
 - Grootte Schuur-minuut (samesprekings tussen ANC en NP)
 - Geweld in die Vaaldriehoek
 - Pretoria-minuut
 - Vergadering van politieke partye – CODESA 1 (20 Desember 1991)
 - Verklaring van Voorneme
 - Voortslepende geweld op passasierstreine aan die Rand
 - Referendum vir alleenlik wittes (1992)
 - CODESA 2 (2 Mei 1992)
 - Boipatong-slagting en die gevolge daarvan (17 Junie 1992)
 - Massabetogings deur anti-apartheidsorganisasies om De Klerk se regering te dwing om dwarsdeur die land met integriteit te onderhandel
 - Bhissho-slagting (Gqozo) en die effek daarvan op die onderhandelingsproses (7 September 1992)
 - Rekord van verstandhouding – Meyer en Ramaphosa
 - Multiparty- Onderhandelingsforum – regse aanval deur die AWB by die Wêreldhandelsentrum
 - Oorgangsklousule deur Slovo
 - Moord van Chris Hanani (10 April 1993) en die impak daarvan op Suid-Afrika
 - Datum van die eerste demokratiese verkiesing vasgestel
 - Mandela as eerste swart president verkies
 - Enige ander relevante antwoord
- Gevolgtrekking: Kandidate moet hulle argument met 'n relevante gevolgtrekking opsom

[50]

VRAAG 6

[Beplan en konstrueer 'n oorspronklike argument gebaseer op relevante bewyse deur analitiese en interpretasievaardighede te gebruik.]

SINOPSIS

Kandidate moet aandui of hulle met die stelling saamstem of nie. Hulle moet 'n redenasie gee of die ineenstorting van die Sowjet unie grootliks verantwoordelik was vir politieke veranderings wat na 1989 in Suid-Afrika voorgekom het. Hulle moet 'n standpunt inneem en hulle antwoord met historiese bewyse ondersteun.

HOOFASPEKTE:

Kandidate moet die volgende aspekte by hulle antwoord insluit:

- Inleiding: Kandidate moet noem in watter mate die ineenstorting van die Sowjetunie verandering in Suid-Afrika beïnvloed het en of ander faktore ook tot verandering bygedra het, en hulle redenasie met relevante bewyse ondersteun.

UITBREIDING

Kandidate wat met die stelling saamstem, moet die volgende punte by hulle antwoord insluit:

- Impak van Glasnost en Perestroïka
- In die 1980's het die Suid-Afrikaanse regering voor 'n veranderde wêreldorde gestaan
- Suid-Afrika het as gevolg van sy beleid van apartheid geïsoleerd geraak
- Die meeste van Suid-Afrika se buurlande het onafhanklik geraak
- Aan die einde van 1989 het die Sowjetunie gedisintegreer
- Die kommunistiese regimes van Oos-Europa het ineengestort
- Die Berlynse Muur is afgebreek
- Veranderinge in die wêreld het bygedra tot die einde van apartheid
- Die ineenstorting van die USSR het die ANC van sy hoofbron van ondersteuning ontnem
- Die Nasionale Party se bewering dat hy Suid-Afrika teen 'n kommunistiese aanslag wou beskerm, het onrealisties geword
- Westerse wêreldmagte het die voorstel dat Suid-Afrika sy probleme vreedsaam en deur 'n politieke oplossing oplos, ondersteun
- Dit het duidelik geword dat die Nasionale Party-regering nie wit oorheersing onbepaald kon volhou nie.
- Invloedryke Nasionale Party-lede het begin beseef dat apartheid nie die antwoord op die behoeftes van wit kapitalistiese ontwikkeling is nie
- Dit was duidelik dat die volgehoue onderdrukking van swart Suid-Afrikane nie politieke stabiliteit sou verseker nie.
- Die regering het begin glo dat hervorming die ontwikkeling van 'n sterk swart middelklas wat as 'n 'skans teen revolusie' sal dien, sou moes insluit.
- PW Botha se beleid van 'totale strategie' het nie gewerk nie
- Die sekuriteitsmagte en noodtoestande het nie townshipopstande gekeer nie
- Teen die laat 1980's was die Suid-Afrikaanse ekonomie in 'n toestand van depressie
- PW Botha het 'n beroerte gehad en is deur FW de Klerk opgevolg.

- FW de Klerk het begin aanvaar dat die swart stryd teen apartheid nie 'n sameswering uit Moskou is nie
 - Dit het De Klerk in staat gestel om samesprekings met die bevrydingsorganisasies te begin
 - Op 2 Februarie 1990 het De Klerk 'n 'nuwe en regverdige konstitusionele bedeling' aangekondig
 - Dit het die einde van Apartheid aangekondig
 - Enige ander relevante antwoord
- Gevolgtrekking: Kandidate moet hul argumente met 'n relevante gevolgtrekking saamvat

Indien kandidate nie saamstem nie, moet hulle hul antwoord met relevante bewyse ondersteun.

[50]

TOTAAL: 150